



PETRUS & PAULUS

SLEUTEL & SWAARD

Een van die belangrikste vieringe van die Liturgiese Kerkkalender is toegewy aan die twee Prinse van die Apostels, St. Petrus & St. Paulus (Hoogfees, 29 Junie)! Ons weet dat albei in Rome vir hulle geloof in Christus gemartel en om die lewe gebring is. Maar wat is die bedoeling van die 'Sleutel' van die Heilige Petrus en die 'Swaard' van die Heilige Paulus (waarmee hulle geassosieer en uitgebeeld word)?

Die volgende beskrywing word toegeskryf aan emeritus-Pous Benedictus XVI.

DIE SLEUTEL VAN ST. PETRUS

Die 'Sleutel' van St. Petrus is 'n teken wat getuig van die feit dat Jesus aan sy Kerk die gesag gegee het om sondes te vergewe en die poorte van die Paradys te ontsluit. Hierdie sleutels is ook 'n teken dat, deur die werking van die Heilige Gees en genade van God, die Biskoppe van die Kerk en die Pous die gesag ontvang het om te kan 'bind en ontbind' (vgl. Matteus 18.18) en om sodoende besluite te neem op aarde wat 'geldig is in die oë van God'.

DIE SWAARD VAN ST. PAULUS

St. Paulus word gewoonlik uitgebeeld met 'n swaard. Dit is 'n simbool van sy eie marteling. Maar dit is ook meer as net 'n simbool. Die 'Swaard' simboliseer die Woord van God en die Heilige Paulus se getrouheid aan die Kerk se 'sendingsopdrag'.

Emeritus-Pous Benedictus het gesê: *'Die Kerk is nie 'n gemeenskap van volmaaktes nie, maar 'n gemeenskap van sondaars wat deurgaans moet erken en bely dat ons God se liefde nodig het en dat ons gereinig moet word deur die Kruis van Jesus Christus. Alles wat Jesus oor die gesag van die Heilige Petrus en die Apostels gesê het, dui juis daarop dat God se krag die liefde is; die liefde wat sy lig vanuit Golgota uitstraal'.*

HEILIGE PETRUS EN PAULUS BID VIR ONS SODAT ONS DIE GENADE MAG ONTVANG OM DIE EVANGELIE VOLUIT TE LEWE! AMEN.